



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 NOVEMBER 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Semele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy
Rdl D G Bess
Rdl C Daniels
Rdl J M de Beer
Rdl N Smit

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdh R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan mnr J Palm van die firma, JPCE Raadgewende Ingenieurs, wat 'n voorlegging sal doen aangaande die implementering van mobiele vullisdromme (Wheely Bins) vir Swartland Munisipaliteit.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat vir doeleindes van voormelde voorlegging is die Speaker en voorsitters van Portefuljekomitees na die vergadering genooi en heet die betrokke raadslede welkom.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 VOORLEGGING DEUR MNR JAN PALM: IMPLEMENTERING VAN WHEELY BINS (16/4/1/2)

Mnr Jan Palm doen 'n voorlegging insake die implikasies vir Swartland Munisipaliteit indien die implementering van wheely bins vir alle huishoudings oorweeg word.

3.1/...

Daar word voorgestel dat die diens oor 'n periode ingefaseer word om (1) te begroot vir die finansiële implikasies m.b.t. aankoop van nuwe vragsmotors en moontlike uitbreiding van personeelkorps en (2) uitdagings met die diens uit te klaar alvorens dit vir die totale munisipale gebied geïmplementeer word.

Mnr Palm noem dat daar ±22 000 dienspunte in Swartland Munisipaliteit is en dat die produktiwiteit van die vullisverwyderingsdiens baie hoog is. Die gemiddeld vir die nywerheid van punte wat per dag gediens word is 859, terwyl Swartland Munisipaliteit se gemiddeld 1154 is. Met die implementering van wheely bins sal hierdie gemiddeld drasties afneem, aangesien daar nou by elke punt 'n wheely bin in die vragsmotor leeggemaak moet word.

Die invloed op die vullisverwyderingstarief word bespreek en – in vergelyking met die tariewe van aangrensende munisipaliteite – gaan die implementering van wheely bins nie 'n drastiese verhoging tot gevolg hê nie.

Mnr Palm noem dat, alhoewel beweer word dat onwettige storting verminder met die implementering van wheely bins, dit nog nie gestaaf kon word met verwysing na die uitgawes verbonde aan opruiming van onwettige storting nie.

Die voorsitter bedank mnr Palm vir die voorlegging en noem dat lg. moontlik uitgenooi sal word om verdere vergaderings toe te lig aangaande die implementering van wheely bins om die Raad in staat te stel om die diens deeglik te oorweeg.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 OKTOBER 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Oktober 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 NOVEMBER 2019

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 KANTOORAKKOMMODASIE: SINETHEMBA (12/13/1-1/1)

[Rdl O M Stemele verlaat die vergadering vir die bespreking van die item weens sy betrokkenheid by die beheerliggaam van Sinethemba.]

Die Munisipaliteit beskik oor kantoorakkommodasie op erf 1217, geleë Roosmarynstraat, Abbotsdale. Die Abbotsdale Buurtweg huur tans 'n gedeelte van die gebou en die ander gedeelte van die gebou is tans vakant.

Verseke is ontvang vanaf twee organisasies vir die huur van die kantoor, naamlik Sinethemba en Smile of a Child Sopkombuis. Laasgenoemde is nie 'n geregistreerde organisasie nie, terwyl Sinethemba 'n geregistreerde gemeenskapsgebaseerde gesondheidsorganisasie is wat volhoubare dienste aan die gemeenskap lewer.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms met Sinethemba gesluit word vir die huur van een gedeelte van die struktuur geleë op erf 1217, Abbotsdale, en wel vir 'n periode van een (1) jaar;
- (b) Dat huurgeld gehef word ten bedrae van R120,00 per jaar, BTW uitgesluit, welke bedrag vooruitbetaalbaar sal wees.

7.2 HUUR VAN SPASIE: OMEGA PIGEON RACING CLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur 'n spasie (groot ±50 m²) onder die Wesbank Gemeenskapsaal te Malmesbury aan die Omega Pigeon Racing Club.

Die huurooreenkoms verstryk op 30 November 2019.

BESLUIT

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Omega Pigeon Racing Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ±50 m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, met ingang van 1 Desember 2019;
- (b) Dat die huurtermyn nie 'n periode van twaalf (12) maande oorskrei nie wat jaarliks hernu kan word;
- (c) Dat huurgeld van R120,00 per jaar, plus BTW, gehef word.

7.3 TOESTEMMING TOT VERKOOP VAN ERF 3338, MALMESBURY (12/2/5/4-8/16)

Daar bestaan 'n voorkeepsreg op die erf 3338, 'n onbeboude residensiële erf, geleë te Rooikranslaan, Malmesbury. Die eienaars versoek dus toestemming vanaf die Munisipaliteit om oordrag van die erf aan 'n privaat koper te bewerkstellig.

BESLUIT

Dat, gegewe die swak ekonomiese toestande en eiendomsmark, die eienaars (HE en JG Magerman) van erf 3338, Malmesbury toestemming verleen word om voort te gaan met die verkoop van die eiendom.

7.4 UITSTAANDE DEBITEURE: OKTOBER 2019 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Oktober 2019.

7.5 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: OKTOBER 2019 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Oktober 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.6 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (5/14/3/5)

Die Batebestuursbeleid reguleer die beskikking van bates deur te verseker dat dit regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief geskied en dat daar voldoen word aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die kriteria vir wegdoening van bates behels die volgende:

- Die bruikbare leeftyd van die bate het verstryk;
- Die bate is verouderd;
- Dit is onekonomies om die bate te herstel of dit is onherstelbaar.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die uitgediende bates, soos gelys, tydens die openbare veiling verkoop word en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

7.7 BEGROTING VIR ONDERHOUD AAN PROVINSIALE HOOFPAAIE: 2020/2021 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die onderstaande tabel toon die beraamde uitgawes ten opsigte van die onderhoud aan provinsiale hoofpaaie in die Swartland munisipale gebied.

Die behoeftes word op 'n jaarlikse basis aan die Provinsiale Distrikspadingsingenieur voorgeleë vir oorweging tydens die begrotingsproses van die betrokke departement.

GESKATTE UITGAWES AAN PROVINSIALE HOOFPAAIE: 2020/2021				
RAAD	PAD NO.	BESKRYWING	AKTIWITEIT	AANGEVRA 2020/2021
Swartland	MR 230	Moorreesburg (Lang St)	Maintenance	None
Swartland	MR 230	Moorreesburg (Piketberg Rd)	Maintenance	None
Swartland	MR 231	Moorreesburg (Lang St)	Maintenance	R42 000.00
Swartland	MR 226	Riebeek Kasteel (Hoof St)	Maintenance	R45 000.00
Swartland	MR 226	Riebeek Kasteel (Sarel Cilliers St)	Maintenance	R17 000.00
Swartland	MR 226	Riebeek Kasteel (Piet Retief St)	Maintenance	R28 000.00
Swartland	MR 226	Riebeek Kasteel (Hermon Rd)	Maintenance	R24 000.00
Swartland	MR 25	Malmesbury (Piet Retief St)	Maintenance	None
Swartland	MR 224	Malmesbury (Bokomo Rd)	Maintenance	None
Swartland	MR 224	Malmesbury (Darling Rd)	Maintenance	R123 000.00
Swartland	MR 174	Malmesbury (Voortrekker St)	Maintenance	R63 000.00
Swartland	MR 215	Darling (Hoof St)	Maintenance	R57 000.00
Swartland	MR 228	Darling (Evita Bezuidenhout Blvd)	Maintenance	R117 000.00
Swartland	MR 215	Yzerfontein (Hawe Rd)	Maintenance	R25 000.00
TOTAAL				R541 000.00

7.7/...

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Begroting van Uitgawes aan Provinsiale Hoofpaaie vir die 2020/2021 finansiële jaar soos hierbo uiteengesit, goedkeur.

7.8 HERSEELPROGRAM: 2019/2020 (16/5/5/1)

Die bedrag van R15 miljoen is beskikbaar in die 2019/2020 finansiële jaar vir die herseel van strate. Die beskikbare fondse word proporsioneel verdeel tussen die dorpe in die Swartland munisipale area volgens die totale lengte van geteerde strate.

Die *Pavement Management System*, sowel as ter plaatse inspeksies word gebruik om die strate te identifiseer wat herseel moet word. Die stelsel prioritiseer strate volgens die klassifikasie en toestand van die straat.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte herseelprogram goedkeur ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar;
- (b) Dat kennis geneem word dat dit 'n voorlopige program is en aangepas kan word namate die uitgawes verbonde aan voorbereidingswerk bekend is.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: SONDEZA KAMP, GROEPBESOEK AAN ROBBEN EILAND MUSEUM (8/1/B/2)

Die 16^{de} Sondeza Afri-Jeug Leierskapkamp vind plaas vanaf 27 November tot 6 Desember 2019 op Ganzekraal. Die groep besoek jaarliks die Robben Eiland Museum as deel van die leierskapsontwikkelingsprogram om die groot versoeningsrol wat Nelson Mandela as leier in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het, te ervaar.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die betaling van R30 530.00 (BTW ingesluit) vir die besoek aan Robben Eiland Museum op 1 Desember 2019 deur die Sondeza-groep;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Dit is die enigste museum van sy soort in die wêreld en die besoek daaraan vorm 'n integrale deel van die program van die Sondeza-kamp en ondersteuning van die programinhoud van die kamp;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R30 530.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/201-1317-1354 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTEL VAN ONTTREKKINGSPOMPE, MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die Malmesbury WWTW beskik oor twee onttrekkingspompe as deel van die membraanstelsel. Een van die pompe het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig om verdere skade aan ander meganiese komponente van die stelsel te verhoed.

7.10/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van onttrekkingspompe by die Malmesbury WWTW deur *GW Trautman* ten bedrae van R77 526.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die onttrekkingspompe sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
 - (ii) Voormelde sou die behandelingsproses negatief beïnvloed en verdere skade aan die meganiese komponente veroorsaak;
 - (iii) Die herstelwerk aan die onttrekkingspompe is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R77 526.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTEL VAN "AIRBLOWER" BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die werking van die "airblower" is noodsaaklik gedurende die biologiese behandelingsproses in die membraanstelsel. Die stelsel besit oor vier "airblowers" waarvan een uitgehaal is vir 'n diens en herstelwerk.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel en diens van die "airblower" eenhede by die Malmesbury WWTW deur *Aerzen Airgas (Pty) Ltd* ten bedrae van R112 900.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) *Aerzen Airgas (Pty) Ltd* is die oorspronklike vervaardiger van die Duitse-vervaardigde Aerzen "airblower" eenhede in Suid-Afrika;
 - (ii) Die diens kan dus slegs gelewer word deur 'n alleen diensverskaffer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R112 900.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-57-1041;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12/...

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DIENS EN KALBRERING VAN HACH DISSOLVED OXYGEN METERS BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die behandeling van afvalwater vind plaas in 'n gekontroleerde omgewing om te verseker dat alle organiese besoedeling verwyder word. Die gekontroleerde omgewing word binne 'n biologiese reaktor geskep waar die toevoeging van suurstofvolumes bepaal word deur die organiese ladingstempo. Hiervoor is aanlyn meetinstrumente nodig om die vlakke van suurstof te bepaal.

Die Malmesbury WWTW beskik oor ses van hierdie eenhede wat van tyd tot tyd gediens en gekalibreer moet word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die diens en kalibrering van ses eenhede van die *HACH online dissolved oxygen* metingsinstrumente deur PREI *Instrumentation* ten bedrae van R57 400.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) PREI *Instrumentation* is die enige plaaslike firma wat die HACH instrumente kan onderhou en diens;
 - (ii) Die diens kan dus slegs gelewer word deur 'n alleen diensverskaffer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R57 400.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 38712 (8/1/B/2)

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 38712, word in Moorreesburg aangewend om 'n volhoubare vullisverwyderingsdiens aan te bied. Die vragmotor het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van vullisverwyderingsvragmotor, CK 38712, UD350 ten bedrae van R217 229.73 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
 - (ii) Voormelde sou lei tot vermindering in kapasiteit om die vullisverwyderingsdiens volhoubaar te lewer wat 'n publieke gesondheidsrisiko inhou;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor is as 'n noodgeval hanteer;

7.13/...

- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R217 229.73 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 36152 (8/1/B/2)

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 36152, word as 'n bystandsvoertuig gebruik om toe te sien dat hoë volumes vullis op standaard verwyder word. Die ondervinding is dat volumes in vullis oor die feesseison verhoog wat die beskikbaarheid van die bystandsvoertuig noodsaak.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van vullisverwyderingsvragmotor, CK 36152, UD290 ten bedrae van R109 051.44 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
 - (ii) Voormelde sou lei tot vermindering in kapasiteit om die vullisverwyderingsdiens volhoubaar te lewer wat 'n publieke gesondheidsrisiko inhou;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R109 051.44 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (P/...; 4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder moet by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek doen om verlof te neem. 'n Skedule van die verlofdae van die bestuurspan is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:
 - 17 Desember 2019 tot 10 Januarie 2020 (16 dae)
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vanaf 16 tot 31 Desember 2019 en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vanaf 1 tot 10 Januarie 2020 sal waarneem as Munisipale Bestuurder.

7.16 EERSTE WYSIGING AAN DIE 2019/2020 MIG-PROJEK IMPLEMENTERINGS-PLAN (5/9/2/6/1)

Die 2019/2020 MIG-projekimplementeringsplan is op 25 April 2019 aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (COGTA) deurgegee.

Tenders is uitgenooi vir die konstruksiefase van die nuwe Moorreesburg WWTW, maar is daar gedurende die tenderperiode bevind dat – gegewe die marktoestande – die tender strategie gewysig sal moet word om kontrakteurs vir die projek te kry. Daar is weer op tender uitgegaan wat 'n vertraging veroorsaak het om met die projek 'n aanvang te naam.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die vertraging met die aanvang van die konstruksie van die Moorreesburg WWTW-projek en dat die beplande spandering vir 2019/2020 gevolglik aangepas moet word;
- (b) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer 'n herallokering van fondse tussen die MIG-projekte gedoen moet word en dat die 2019/2020 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;
- (c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan vir die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur word:

Nr	Projek	Begroting
1	<i>Rehabilitate Water Networks (WC1287/W/14/17)</i>	R 8 183 800.00
2	<i>Upgrade Darling WWTW (Awaiting registration)</i>	R 5 900 000.00
3	<i>Rehabilitate/Resealing of Streets (Awaiting registration)</i>	R 1 000 000.00
4	<i>New Sports Grounds: Chatsworth (WC1605/CF/16/18)</i>	R 100 000.00
5	<i>Upgrade Moorreesburg WWTW (WC1710S/17/122)</i>	R 6 117 200.00
Totaal		R 21 301 000.00

- (d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

7.17 VOORLOPIGE BEVINDING VAN OUDITEUR-GENERAAL NA AANLEIDING VAN SOMMIGE VAN DIE COMAFS WAT ONTVANG IS: 2018/2019 OUDIT (5/15/1/2)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Munisipaliteit in totaal 26 COMAFS tydens die 2018/2019 eksterne oudit ontvang het, waarvan 3 in 'n baie ernstig lig beskou word, naamlik:

- COMAF 7: teboekstelling van 42 000 water- en elektrisiteitsmeters in bateregister;
- COMAF 21: toepassing van Artikel 32 van die Voorsieningkanaal-bestuursregulasies (SCM-regulasies) ten opsigte van die sogenaamde 'piggy backing' beginsel;
- COMAF 26: outomatiese kwalifisering vir deernissubsidie ingevolge raadsbesluit van 2014 sonder om daarvoor aansoek te doen en die potensiele gevolge van 'n vereiste plaas om oor aansoek te doen in die konteks van die huidige krappigheid in sommige dorpe

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat die Ouditeur-Generaal COMAF 21 baseer op hofuitsprake in ander provinsies wat nie op die Wes-Kaap van toepassing gemaak kan word nie. Dit Ouditeur-Generaal steun verder op MFMA Omsenbrief 96 wat eers in Julie 2019 aan munisipaliteite uitgereik is wat die toepassing van Artikel 32 toelig.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik verder die Ouditeur-Generaal se voorstel om die onreëlmatige uitgawes in die finansiële state te openbaar en dat die proses ingevolge Artikel 32 van die MFMA deurloop word.

Die Munisipale Bestuurder wys op die moontlike toekomstige risikos ingevolge die wysigings aan die *Public Audit Act* vir die munisipale bestuurder en die hoof: finansiële beampte indien onreëlmatighede wat gerapporteer word, nie aangespreek word nie. In hierdie geval het die Ouditeur-Generaal geen onreëlmatighede bevind nie, slegs dat dit die nie-nakoming van wetgewing teweeg bring.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, noem dat dit belangrik is om die bekommernisse aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te rapporteer. Mnr Bolton verwys spesifiek na die Ouditeur-Generaal se opinie dat die uitgawes ten opsigte van COMAF 21 onreëlmatig is en die vereiste proses deur die Artikel 32-komitee om die nodige ondersoek te doen met aanbevelings aan die Raad insake die kondonering daarvan, al dan nie.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik breedvoerig die COMAFS wat ontvang is – opsommendewys:

COMAF 21: Die besluit om Drakenstein Munisipaliteit se tenders te gebruik is opgeweeg teenoor die gebeurliksheidsplanne wat tydens die droogte ingestel is. Oorweging is verleen om die afwykingsproses ingevolge Artikel 36 van die SCM-regulasies te volg, maar is dit nie as die beste opsie beskou nie, veral as dit sou reën en die noodsituasies afgeweer was. Die vereiste proses van SCM-regulasie 32 was gevolg aangesien die wetgewing juis voorsiening maak dat die Munisipale Bestuurder by magte is om die proses te volg.

COMAF 26: Die raadsbesluit in 2014 bepaal, onder andere, dat 'n huishouding outomaties vir deernissubsidie kwalifiseer as die waarde van die eiendom R100 000 of minder is (uitgesluit die R15 000 vrystelling). Die Ouditeur-Generaal vereis dat huishoudings vir deernissubsidie moet aansoek doen, andersins word dit as 'n wanvoorstelling van die munisipaliteit se inkomste beskou aangesien die Ouditeur-Generaal nie die status van die deernishuishouding sonder 'n aansoek kon verifieer nie.

COMAF 7: Met die ontbondeling van bates wat in 2008 ingevolge GRAP 17 'n aanvang geneem het, is daar besluit om bates slegs tot vlak 4 af te breek. Gevolglik is water- en elektrisiteitsmeters as deel van die netwerk beskou en nie apart geboekstaaf nie. Die opinie van die Ouditeur-Generaal is dat die Munisipaliteit wel waardevermindering vanaf die totstandkoming van Swartland Munisipaliteit in Desember 2000 kon bepaal aangesien historiese inligting wel beskikbaar is. Bestuur het die Ouditeur-Generaal oortuig dat sommige inligting nie beskikbaar is nie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die COMAFS wat ontvang is, met spesifieke verwysing na COMAF 21 wat handel oor onreëlmatige uitgawes wat as sulks in die state geopenbaar moet word;
- (b) Dat verder kennis word van die verduideliking van die Direkteur: Finansiële Dienste en dat die Munisipaliteit nie 'n ander keuse het as om die onreëlmatige uitgawes in die finansiële state te openbaar nie;
- (c) Dat kennis geneem word van die besluit van die Bestuurspan dat daar voortaan ingevolge MFMA Omsendbrief 96 gedateer 24 Julie 2019 nie van 'piggybacking', met ander woorde SCM-regulasie, Artikel 32, gebruik gemaak sal word nie.